



1

EENHEID EEN

DIE GOEIE NUUS

DIE BEGIN VAN DIE STORIE

Die Sondeval en die Gevolge van Sonde

Eenheid Opdragte

- Kyk die [Skrif Memorisering Video](#)
- Kyk die [Materiaal Raamwerk Video](#)
- Begin met [Geestelike Bepaling Nr 1](#)
- Begin met jou [Geestelike Reis](#)

GEESTELIKE WAARHEDE

MEMORISEERVERS:

“Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.”

Romeine 6:23 (ANV)



R

BYBELSTUDIE:

Welkom by GROEPE!

O

Oor die volgende paar weke gaan jy nuwe mense in jou groep leer ken en ook ervaar hoe die GROEPE raamwerk julle kan help om te groei in julle verhouding met Jesus. Ons doel met hierdie groepe is om jou te help in die proses om ’n volwasse en toegeruste gelowige te word vir ’n verlore wêreld.

E

Ons gaan begin deur te fokus op die hart en siel van Christenskap – die evangelie. Het jy al ooit in die middel van ’n gesprek ingeloop waar iemand besig was om ’n grap of storie te vertel en wanneer die persoon aan die einde kom lag almal, maar omdat jy nie die begin van die storie of grap gehoor het nie, maak dit nie lekker vir jou sin nie, en is dit nie so snaaks nie. Baie keer as dit kom by die goeie nuus van Jesus – die evangelie – verstaan ons nie altyd hoekom dit sulke goeie nuus is nie, juis omdat ons nie altyd die begin van die storie verstaan of begryp nie. Ons gaan in

P

E

hierdie eenheid by die begin, begin. Hoekom was dit nodig dat Jesus moes kom? Hoekom is dit goeie nuus dat Jesus aan ’n kruis gesterf het en vir ons sonde betaal het? In hierdie week gaan jy na ’n paar gedeeltes in die Bybel kyk om beter te verstaan wat sonde gedoen het en wat die gevolg daarvan is in ons lewens. Lees die Bybelgedeeltes aandagtig deur en vra God dat Hy jou sal help om ’n beter begrip te hê van ons sondige toestand sonder Jesus asook die gevolg wat sonde in ons lewens gewek het.

GENESIS 3:1-13 is die gedeelte wat beskryf hoe sonde in die wêreld gekom het en hoe die mens asook God gereageer het as gevolg van hierdie oortreding van God se standaard en opdrag.

Lees die gedeelte en kyk hoe Adam en Eva teenoor God se opdrag opgetree het. Wat was hulle reaksie? Hoekom dink jy het hulle so opgetree?

Sou jy anders opgetree het? Verduidelik.

Hoe het God in hierdie situasie opgetree?

G

R

Die Bybel maak op verskeie plekke melding van die gevolge van sonde. Dit het verskeie uitwerkings op ons lewe en hoe ons die lewe benader. Bestudeer die volgende gedeeltes en maak 'n lys van al die verskillende gevolge wat sonde vir ons inhou.

O

Jesaja 59:1-2

Jeremia 17:9:

E

Matteus 12:30

Matteus 25:46

P

Johannes 8:44

E

Romeine 3:23

Romeine 6:23

2 Korintiërs 4:3-4

Efesiërs 2:1-3

Efesiërs 2:12

Opsomming:

In die begin het God alles geskep (Genesis 1-2). Aan die einde van elke dag waar God geskep het, het Hy gesê dit is goed. Aan die einde van die sesde dag se skepping het God na sy skepping gekyk, *“en dit was baie goed”* (Genesis 1:31). God het ’n tuin aangelê – die Tuin van Eden – en die mens daar laat woon. Hy het die hele tuin vir die mens gegee om te bewerk en op te pas. Die mens kon van alles in die tuin eet en kon alles in die tuin geniet. God het egter net een opdrag gegee – net een reël – *“van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie”* (Genesis 2:17). Indien die mens van die boom sou eet, sou hy sterf. In hierdie goeie skepping van God was die enigste ding wat God nie goed gevind het nie, die feit dat Adam alleen was en daarom het God vir hom ’n vrou gemaak – Eva – om hom te help in sy taak. In Genesis 3 verander die storie, en wat gebeur, het tot vandag toe nog ’n invloed in ons lewens.

Eva word deur die vyand - die duiwel; die Satan versoek om te twyfel in dit wat God gesê het en om teen God se wil te gaan deur wel van die boom van alle kennis (of kennis van goed en kwaad) te eet. God wou vir Adam en Eva beskerm van die kennis van kwaad. Watter liefdevolle ouers van vandag doen nie alles moontlik om hulle kinders te beskerm van gevaarlike materiaal nie – op die TV, op die Internet en enige ander plek? Adam en Eva het van die verbode vrugte geëet – hulle het inderwaarheid vir God gesê, *“ons het U en u reëls nie nodig nie.”* Hulle was ongehoorsaam aan God. Hulle het gesondig. Nadat Adam en Eva se oë oopgegaan het en hulle besef het hulle is

kaal, het hulle skaam gekry, bang geword, en hulle het weggekruip. Hierdie reaksie het nie veel verander in vandag se tyd nie. Elke keer as mense sondig, is daar tog ’n element van skaamte of vrees, of hulle kruip weg. God se reaksie daarteenoor is dat Hy soek na Adam en Eva. Hy vra, *“Waar is julle?”* Nie omdat Hy nie geweet het nie, maar omdat Hy wou gehad het hulle moes besef waar hulle is. Dinge het nie baie verander van die begin af nie. Na duisende jare en biljoene mense, kruip mense nog steeds weg vir God – en God soek nog steeds na sy mense. Jesus het dit ook duidelik gestel dat Hy gekom het om te soek en te red wat verlore is (sien Lukas 19:10).

Die daad van ongehoorsaamheid aan God noem ons sonde. Een definisie van sonde is om die *“merk te mis,”* soos wanneer jy nie daarin slaag om die teiken te tref in ’n sportbyeenkoms nie. Natuurlik is die Bybel se verstaan van sonde baie meer ernstig as dit. Om die waarheid te sê, die Bybel het verskillende maniere om hierdie idee uit te druk. Sonde word soms beskryf as ’n oortreding, iets wat betrekking het om verbode lyne oor te steek of grense wat God gestel het vir ons beskerming. Ander kere verwys dit na sonde as ongeregtheid. Die beginsel van ongeregtheid praat van sonde se mees kommerwekkende en verwoestende gevolg: om ons innerlike natuur te verdraai, korrup te maak en te misbruik. Hierdie is ernstig omdat die Bybel sê dat God se natuur *“heilig”* is. Heilig beteken om afgesonder te wees, apart te wees, anders te wees. God is nie soos ons nie. God is perfek. Hy is heeltemal vry van die bouse of gebrek, absoluut rein in liefde en goedhartigheid. God is lig en in Hom is daar geen duisternis nie. God is geregtig. Wat Hy doen is altyd reg. God maak nooit ’n fout nie. Wanneer God sê iets is verkeerd, is dit nie onregverdig of foutief nie. Sonde is nie net die verkeerde goed wat ons doen nie – dit is teen wie God is; dit is die teenoorgestelde van wie God is.

As gevolg van Adam en Eva se keuse om ongehoorsaam te wees, word alle mense nou gebore met 'n sondige natuur en dit het 'n uitwerking op alles wat ons doen en bedink. As jy 'n ouer is, of selfs net onthou hoe jy as kind was, weet jy dat jy nie 'n kind hoef te leer om die verkeerde ding te doen nie; hulle doen dit uit hulle eie. Ons as ouers spandeer ure om ons kind te leer om hulle natuurlike ingesteldheid - om ongehoorsaam te wees en die verkeerde ding te doen - te oorkom.

G

Sonde is nie net die verkeerde dinge wat ons doen nie. Dit is ook ons verkeerde motiewe en gedagtes. Sonde gaan nie net oor aksies en daade nie. Dit is iets binne ons harte wat lei tot die verkeerde optredes. Ons moet nie net aan SONDES dink nie, maar aan SONDE.

R

Sondes is niks meer as die simptome van 'n siekte met die naam "Sonde", en dit is nie net die simptome wat saak maak nie, maar die siekte. Dit is die siekte wat doodmaak. As gevolg van hierdie siekte bly ons kies om te sondig wanneer ons ook al die geleentheid kry. Ons moet nie te vinnig wees en dink ons sou anders as Adam en Eva opgetree het nie. Wanneer ek en jy sondig, is dit nie net 'n geval van ons wat God se gevoelens seer maak; Hy wat Homself jammer kry en dan in 'n slegte bui is nie. Nee, God het 'n afsku daarin en Hy is met reg kwaad daarvoor as gevolg van wie

O

E

P

E

Hierdie is die begin van die storie van goeie nuus alhoewel daar nog nie tekens van goeie nuus is nie. Dit is egter net die begin van die storie en as ek en jy besef dit is waar ons is as gevolg van sonde, verander dit hoe ons dink. Ons almal is siek met sonde. Party is sieker en wys meer simptome, maar die feit van die saak is almal is siek en die einde daarvan is die dood. Dit is soos om in 'n rivier met 'n klomp stroomversnellings te wees en 'n waterval aan die einde – almal is op pad na dieselfde eindpunt, maak nie saak waar jy tans in die rivier is en hoe erg dit tans daar is; of nie is nie. Ons kan nie onself red nie – ons het 'n Redder nodig. Die rede hoekom ons nie altyd ons nood vir 'n Redder sien nie en hoekom ons nie altyd besef hoe groot dit is wat Jesus kom doen het nie, is omdat ons nie altyd duidelik die desperaatheid van ons situasie sien nie.

Die gevolge van ons verlorenheid, is dieper en erger as wat ons ooit sal besef. Sonder God is ons almal op pad na verwoesting. Ons kan nie onself red nie, maak nie saak hoe groot ons begeerte of probeerslae is nie. Die goeie nuus is egter dat God ons nood sien en Hy het lemand gestuur om ons te kom red. Hy het lemand gestuur, nie net om die simptome van die siekte aan te spreek nie, maar die siekte self. Die hoof tema van die Bybel is God se ewige plan om ons te red deur sy Seun Jesus Christus en hoe Hy alles in werking gesit het om dit te doen. Oor die volgende paar weke gaan ons dit meer bestudeer.

Hy is; wat sy natuur is. Sy natuur verskil van ons natuur. Hy is heilig en ons het 'n siekte binne ons, genoem sonde.

God se geregtigheid kan egter nooit geskei word van sy barmhartigheid, genade en goedheid nie. Wanneer God ons waarsku teen sonde is dit nie net omdat dit teen Hom is nie, maar Hy weet ook watter gevolge sonde vir my en jou inhou, en Hy weet ook dat die gevolge nie goed is nie. Sonde bring skeiding tussen ons en God: skuldgevoel, skaamte, vrees, geestelike en fisiese dood, beheer deur die sonde en geestelike blindheid. Dit maak ons vyande van God. Dit maak ons verlore mense en mors verhoudings tussen mekaar op. Dit maak dat ons God se standaard mis en dus veroordeel gaan word.

REDIGERING EN TOEPASSING

Soos jy deur die Geestelike Waarhede gedeelte gelees het, was daar dalk dinge waarmee jy nie saam gestem het nie of dinge wat nie vir jou duidelik was nie. Neem 'n tydjie hierdie week om die onderstaande gedeeltes deur te werk. Skryf 'n paar punte neer vir bespreking.

G

Vergelyk Genesis 1:26-28 en Psalm 8:4-7 (vers 3-6 in Engelse vertalings) met Romeine 3:9-18. Hoe het sonde God se aanvanklike doel met ons kom verwoes en afgebreek?

R

Vergelyk Genesis 3 met Romeine 1:21-32 om te bepaal watter impak sonde op die mensdom gehad het.

O

E

Reflekteer oor jou lewe en jou eie soeke na redding. **Hoe het jy bewus geraak dat jy 'n Redder nodig het? Soek jy nog steeds? Was daar ander dinge of mense in jou lewe waarna jy gegryp het om jou te red of jou situasie beter te maak? Is daar dalk tans nagmaakte redders in jou lewe waaraan jy probeer vashou? Gebruik hierdie gedeelte om jou gedagtes neer te skryf en wees bereid om dit met jou groep te deel.**

P

E

ONDERSOEK

Dink na oor die onderstaande vrae voor julle volgende groepsbyeenkoms. Jy mag enige van die vrae gevra word en jy mag enige van hierdie vrae aan die mense in jou groep vra. Hierdie vrae sal jou help om jou lewe te evalueer in die lig van die waarheid wat julle hierdie week bestudeer het. Dit gee ook vir die ander groepslede die geleentheid om jou aan te moedig om ten volle vir Jesus te lewe. Skryf 'n paar punte in die spasies neer na aanleiding van julle groepsbespreking.

G

As jy eerlik moet wees, hoe dink jy oor die storie van Adam en Eva se ongehoorsaamheid? Sou jy anders opgetree het?

R

Ons sien nie altyd hoe erg ons situasie sonder God is nie. Hoe het jy jouself gesien voordat jy Jesus ontmoet het? Het jy gedink jou situasie is só erg? Het jy net na die simptome gekyk of het jy na die siekte gekyk?

O

E

Watter een van die gevolge van sonde (bl. 2), het die grootste invloed in jou lewe gehad of sukkel jy vandag nog mee? Verduidelik.

P

E

Hoe het jy dit probeer verander in jou lewe? Watter effek het dit gehad?

EVANGELIE EN MISSIE

INLEIDING

In Johannes 12 lees jy die storie van Jesus se intog in Jerusalem, net 'n paar dae voor Hy gekruisig is. Op hierdie dag was daar groot skares mense wat uitgeroep het:

“Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!” (v13)

G

Verbeel jou jy was daar, deel van die skare met die hoop om vir Jesus te sien. Jy is, net soos die ander mense, verwonderd deur die stories wat jy gehoor het. Daar is selfs 'n gerug in die skare van 'n man wat uit die dood opgestaan het. Baie in die skare is toegewyde volgelinge van Hom; ander is net toeskouers wat die opwinding van die oomblik geniet. Jy is nie seker hoe jy oor Hom voel nie, maar wie ook al Hy is, Hy is verseker 'n man met spesifieke doelwitte en 'n man van aksie. Jy sou Hom graag wou ontmoet om jou eie siening oor Hom te bepaal, maar tog sien jy nie hoe jy verby hierdie skare gaan kom nie. Dan vang jou oog een van sy dissipels, Filippus. Jy vra, “Asseblief! Ek en my vriende wil graag vir Jesus ontmoet.” Filippus sien jy is nie 'n Jood nie en hy praat eers met Andreas daarvoor en dan gaan hulle na Jesus toe en sê dat nuuskierige “Griek” Hom graag wil ontmoet. Jy sien jou geleentheid en volg hulle, om net om naby genoeg te kom en te hoor hoe Jesus vir Filippus en Andreas sê, “*As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees.*” (v.26). Soos Hy praat sien jy 'n snaakse, maar aantreklike mengsel van deernis en doelgerigheid in sy gesig. En in daardie oomblik besef jy: Jesus is op 'n missie wat

deur liefde gedryf word. En die wat Hom wil volg, moet Hom in daardie missie volg.

Die doel van hierdie GROEPE is om dissipels te ontwikkel wat volwasse en toegeruste volgelinge van Jesus sal wees *vir 'n verlore wêreld*. Die doel van die EVANGELIE en MISSIE afdeling is juis om hierdie doel te ondersteun sodat Geestelike Waarhede, Redigering en Toepassing, Ondersoek en Praat met God, getransformeer word in 'n lewe van missie – 'n lewe wat Jesus se missie opneem en Hom daarin volg.

Wat is Jesus se missie? Dit is om sy evangelie bekend te maak aan alle mense deur woord (getuig en die evangelie verduidelik) en daad (die evangelie fisies demonstreer). Dit is die missie wat elke generasie van Jesus se volgelinge moet opneem. Jy moet egter nie 'n missie-gedrewe lewe verwar met, raak 'n sendeling êrens in die wêreld nie. 'n Sendeling kan dalk sy lewe gee om die evangelie bekend te maak oor landsgrense heen, maar Jesus roep al sy volgelinge om die evangelie in woord en daad bekend te maak waar ook al hulle woon, werk en ontspan sowel as in hulle omliggende gemeenskappe.

R

O

E

P

E

Regdeur die jaar sal hierdie GROEPE jou help om te verstaan wat dit beteken om 'n lewe van missie te leef en hoekom jy as volgelinge van Jesus dit sal wil doen. Jy gaan leer hoe om te bid vir mense wat nog nie glo nie en hoe om betekenisvolle geleenthede te ontdek om mense om jou te dien. Jy gaan ook leer hoe om jou eie geestelike storie te vertel op 'n gemaklike, innemende manier en jy gaan leer hoe maklik dit is om die algemene vrae te beantwoord wat mense vra oor geloof in Jesus.

Sit tyd uit en begin dink oor Jesus se doel en omgee deur die volgende vrae te beantwoord.

Wat is Jesus se missie soos wat dit op die vorige bladsy gedefinieer is.

G

Wat beteken “woord en daad”?

R

Wat is jou onmiddellike reaksie oor die idee dat jy Jesus moet volg in sy missie? Is jy onseker? Opgewonde? Het jy bietjie weerstand? Gebruik hierdie gedeelte om jou eerste gedagtes en gevoelens neer te skryf oor die missie gedeelte van jou geestelike reis.

O

E

P

Gebruik hierdie gedeelte om jou gedagtes en gevoelens oor 'n lewe van missie om te skakel in 'n gebed. Wat sal jy vir Jesus wou sê oor die missie gedeelte van jou geestelike reis?

E

PRAAT MET GOD

“Nader tot God en Hy sal tot julle nader

Jakobus 4:8

G Wat sal gebeur as jy doelgerig en opsetlik meer en meer tot God nader en sy aangesig soek? Wat sal gebeur as Hy tot jou nader en jy ’n groter openbaring van Hom kry? Vra Hom om tot jou te nader.

R Sit hierdie week tyd uit om met God te praat oor sy heerlikheid. Dink oor God se eie heerlikheid en die heerlikheid wat Hy gee.

O My gebedsversoek ten opsigte van die geestelike waarheid van hierdie week:

E My gebedsversoek ten opsigte van ’n situasie in my lewe:

P My gebedsversoek ten einde ’n lewe van omgee en missie te leef:

Gebedsversoeke van ander in my groep:

G

R

O

E

P

E

A series of horizontal dashed lines for writing prayer requests.

EEN TREE

Na aanleiding van julle gesprekke vandag in die groep en jou studie die afgelope week, wat ervaar jy is die EEN TREE wat die Heilige Gees jou vra om te gee in jou verhouding met Jesus? Wat is die EEN ding wat jy hierdie week moet doen?

Ek gaan hierdie week...

G

R

**Maak seker jou stelling is baie spesifiek, meetbaar en evalueerbaar en indien dit 'n spesifieke tydslyn het, is dit nog beter.*

O

E

P

E

